Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.


5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 29 Mei 1946. No. 27.

# K.G. Doen Voorstel Vir Samewerking Tussen Afrikaners

**„Vir die Afrikanervolk is daar 'n groeiende gevaar as gevolg van die golf van histeriese haat wat opsteek teen alles wat Afrikaans is. As daar dan so'n gevaar vir die volk bestaan, moet ons ons daarteen verweer deur samewerking tussen alle Afrikaners. Die Ossewabrandwag is nog altyd van sy ontstaan af te vinde vir samewerking en sal altyd te vinde wees vir samewerking tussen Afrikaners", het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede Woensdagaand voor 'n groot vergadering onder voorsitterskap van genl. P. D. Rousseau in die oorvolle Hofmeyrsaal, Kaapstad, verklaar.**

Alle moontlike sit- en staanplek in die saal en op die balkon was beset.

Nadat die Kommandant-generaal, die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, en die Gebiedshoofvrou, genle. Erika Theron,



die verhoog onder die getrommel van tamboere bestyg het, het ds. J. A. Pienaar die vergadering met 'n kragtige gebed geopen. Twee lede van die Boerejeug het die sierlike vlaghysingseremonie waargeneem. Die Kaapstadse O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel het op verskillende stadiums opgewekte marsmusiek gelewer.

„As daar mense is wat dink dat die Ossewabrandwag gaan verdwyn dan maak hulle 'n baie groot fout," het die K.G. verklaar. „In ses oorlogsjare het die O.B. nie onder gegaan nie en het hy meer as £85,000 aan noodhulp bestee. *Ons beheer en besit vandag drukperse ter waarde van tussen £70,000 en £80,000. Die Ossewabrandwag het gekom om te bly, of die mense nou daarvan hou of nie.*"

JINGO-HAAT

Die Ossewabrandwag het net betekenis solank hy 'n instrument in die hand van die volk is, want hy is nie 'n doel op sigself nie. Die O.B. beskou hom as wapen in die hand van die Afrikanerdom. Die nabye toekoms gaan 'n baie benoude tyd vir die Afrikaner wees. Ons moet besef dat die oorlog nog nie oor is nie sover dit die jingo-element se haat teen die goeie Afrikaner betref nie.

Die haat teen die Afrikaner blyk in die eerste plek uit die optrede van die kabinet. Agtien maande gelede is 'n Afrikaanse vereniging, die Broederbond, in die ban gedoen. Niemand het nog ooit kon sê dat hulle die wet oortree of hoogverraad of geweld gepleeg het nie. *Die bewering is gemaak dat die mense vir eng Afrikaanse belange staan, en dit is dan hulle doodsonde. Aan die Sons of England wat staan vir eng Engelse belange is nie geraak nie.*

Mense wat die staatsdiens nie kon bekostig om te verloor nie, is voor die keuse gestel om hul eed teenoor die Broederbond te breek, of uit die staatsdiens te tree. Hulle het uit die staatsdiens getree en hul eed ongeskonde gehou.

„Die Broederbond het nie die wet oortree nie. Hulle het net 'n gevaar geword vir die Empire en daarom is hulle in die ban gedoen."

DUITSE KINDERS

Hierdie optrede teenoor die Broederbond is nie al voorbeeld van die kabinet se haat nie. Onlangs, nadat die Kwakers 'n opname in Duitsland gemaak het en verklaar het dat geen Duitse kind onder een jaar die winter sou deurmaak nie, en dat 50 persent van die kinders

(Vervolg op bl. 3)

# Vars Groente Raak Verlore

Terwyl inwoners van Kaapstad peperduur vir hulle groente betaal, ag boere dit nie die moeite werd om hul groente na die mark te bring nie, omdat hulle dit half verniet moet weggee en die kleinhandelaars met die wins heengaan.


Die boere moet hul kool teen 1d. per kop verkoop terwyl die stedeling soveel as 1s. 6d. tot 2s. daarvoor by die kleinhandelaar betaal. Vir geelwortels ontvang die boere nie meer as 1½d. per bossie nie, maar by die kleinhandelaar moet die inwoners van die stad dit teen 5d. per bossie koop.

**Boere is tans besig om hul varke met die groente te voer en beskou dit voordeliger as om dit na die mark te bring en dit teen 'n verlies te verkoop.**

Daar is 'n groot oorproduksie in groente op die Kaapse Vlakte omdat daar geen afset voor is nie. Die ontwateringsfabrieke het die boere meegedeel dat hulle vanjaar geen groente by hulle sal koop nie, omdat hulle nie in staat is om dit te verwerk nie. Daar heers 'n groot tekort aan blik. Duisende tonne groente sal binne die komende weke verlore gaan vir menslike gebruik as die regering nie 'n uitweg vind om die groente te laat bemark nie.

**Nogtans ly duisende gesinne gebrek!**

# DUITSE BREIN



**Die eerste vyf Duitse wetenskaplikes wat in Engeland aangekom het om die Britte te help met navorsing in verband met spuitvliegtuie. Hulle is: Dr. Rudolf Hilpert, dr. Horst Hannemann, dr. H. G. Wolfhardt, dr. Heinz Eggink en dr. Martin Winter.**

# In V.S.A. Word Kommuniste As Vyande Beskou

Onderwyl daar in Suid-Afrika 'n geweldige agitasie deur die kommuniste op tou gesit word teen die gevestigde volk van die land, naamlik die Afrikaners, en die huidige Britsistiese partybewind die kommuniste der mate beskerm dat hulle liewer vergaderings van Afrikaanse liggame belet as om 'n vinger teen die kommunistiese opsweping tot geweld te lig, is nie net die Amerikaanse regering besig om sy leër en immigrante van kommuniste suiwer te hou nie, maar ook die arbeidsorganisasies doen dit.

*Die Amerikaanse arbeiders is beslis om hulle nie te laat ondergraaf deur die Kommuniste nie. Sommige van die vakbonde het reeds besluit om op te tree teen die kommuniste wat poog om invloed onder die werkers te wen.*

Die Utility Workers Union, 'n nuutgevormde vakbond wat deur die Corporation of Industrial Organisations erken is, het in sy konstitusie bepaal dat geen kommunis toegelaat sal word as lid van hierdie vakbond nie. *Dit bepaal verder dat as hulle reeds lede van die vakbond is, hulle daaruit geban sal word. Daar sal ook nie toegelaat word nie dat hulle enige amp in die vakbond beklee, al sweer hulle hul kommunistiese partyskap af.*

# Vernietig Voedsel In Europa


**'n Spesiale korrespondent van Sapa wat 'n besoek aan Duitsland gebring het, berig dat onderwyl miljoene Duitsers deur hongersnood geteister word, voedsel in Holland en Denemarke vernietig word om ekonomiese redes.**

Hy verklaar dat daar volgens die Potsdam-ooreenkoms besluit is dat elke Duitse gebied wat deur 'n Geallieerde moondheid beheer word, selfonderhoudend moet wees. Die Britse deel wat nie voedselproduserend is nie, kan nou geen voedsel van die res van Duitsland kry nie. Die Russe weier om te help, terwyl hulle oor die grootste voedselproduserende gebied beskik.

Afgesien hiervan word daar weens swak internasionale reëlings op die oomblik vleis en vis in Denemarke vernietig en lê eiers in Frankryk en vrot.

„Die Europese ekonomie het waansinnig geword", verklaar die korrespondent, wat daaraan toevoeg dat met 'n behoorlike reëling daar vir almal voldoende voedsel behoort te wees.

RYKSKONFERENSIE. — Die eerste ministers van die Britse Statebond het hul informele samesprekings verlede Donderdag in Londen afgesluit. Die konferensie het besluit om die vrye en voortdurende onderlinge oorlegpleging binne die Britse Ryk soos in die verlede te handhaaf.



J. v. d. Sandt

'n Mooi Ontwikkelde Liggaam en Reusekrag soos dié van leerling Van der Sandt kan slegs verkry word deur die Regte Metodes van Oefeninge te volg.

**JOHAN HEFER kan u ook help met u LIGGAAMSONTWIKKELING.**
**Skryf om nadere besonderhede of vul hierdie koepon in en pos dit aan:**
**JOHAN HEFER, Posbus 3194, KAAPSTAD.**

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

NAAM ..........................................

ADRES ..........................................

..........................................

## Weier Advertensie

In sy toespraak verlede Woensdag in Kaapstad het genl. J. A. Smith sy waardering uitgespreek vir die pragtige opkoms ondanks die doodswygtaktiek van die Afrikaanse dagblaaie. Onder uitroepe van skande het spr. egter sy spyt te kenne gegee dat so baie ander Afrikaners wat graag sou wou hoor wat die O.B. te sê het, verhinder is om te kom deurdat Die Burger 'n advertensie van die vergadering geweier het, en hulle sodoende in onkunde gelaat is omtrent wat aangaan.

„As ons nie toegelaat word om gedagtes met mekaar te wissel nie, kan daar geen sprake van 'n beter verstandhouding tussen Afrikaners wees nie", het genl. Smith gesê.

## Amptenare Stel Hul Saak

Die Afgevaardigdes van die staatsamptenare het verlede week die geleentheid gehad om hul besware wat voortspruit uit die nuwe salarisskale voor die waarnemende Eerste Minister en die Minister van Binnelandse Sake te lê. Die afgevaardigdes is aangevoer deur dr. J. P. van Zyl, voorsitter van die Vereniging van Staatsamptenare.

Nadat die verskillende punte aan hom voorgelê is, het die Minister verklaar dat daar oorweging verleen sal word aan die verskillende aanbevelings. Besluite kan nie onmiddellik geneem word nie. Hy het die afgevaardigdes laat verstaan dat die regering hom nie deur dreigemente van die kant van die staatsamptenare sal laat beïnvloed nie.

# „Verset Teen Britsisme Was Nog Nooit 'n Klad"

„EK BEROEM MY DAAROP DAT EK NOG ALTYD 'N REBEL TEEN BRITSISME WAS, EN AS DIT NAZISME IS, WAS EK NOG ALTYD 'N NAZI", HET ADJUNK-K.G. J. A. SMITH VERLEDE WOENSDAG IN KAAPSTAD GESê BY GELEENTHEID VAN DIE O.B.-VERGADERING IN DIE HOFMEYRSAAL.

Genl. Smith het as volg gepraat:

Dit is mynsinsiens vanpas om van hierdie geleentheid gebruik te maak om 'n paar van die middels te noem waarvan gebruik gemaak word om *Britsisme*, — sommige noem dit *demokrasie* — in S.A. te bevorder.

*Een is dat 'n Britsgesinde bewind sy opposisie betaal— die leier £2,000 per jaar—om die indruk van die seën van die s.g. Britse Demokrasie of Britsisme te beklemtoon.*

*Jy huur vir jou 'n opponent of jy hang hom vir hoogverraad op as dit jou pas.*

Die opposisie staan gesalarieerd deur die bewind, vennote in die Britse bewind, maar terselfdertyd beskuldig van verraad. Hulle is nie Brits genoeg nie.

Die tweede is dat jy binne in die volksraad na willekeur ander kan beswadder — want dit is „demokrasie" of „Britsisme". Die derde is dat hierdie „demokrasie" in S.A. ontketen het 'n onbeteuelde jag op s.g. Nazisme. Hulle bedoel Afrikaanse nasionalisme.

*Britsisme op jag op Afrikaanse nasionalisme. Hulle noem dit Nazisme.*

Dit is mos in hierdie dolle jag dat honderde verraaide Afrikaners in die kampe en tronke opgesluit is — *die jag op s.g. Nazisme!*

Dis mos die rede waarom die opposisie, konstitusioneel die wederhelf van die bewindvoerders, volgens Hansard en die Pers, amptelik teen die O.B. is.

Volgens hulle is die O.B. Nazi's — daarom *wil hulle nie en sal hulle nooit* met die O.B. saamwerk nie. So verklaar hulle. So het adv. Dönges in die Volksraad gesê. So het genl. Kemp en adv. Strydom 'n paar weke gelede verklaar.

### SKU VIR EIE

*Daar is mense — ons eie — wat sover afgedwaal het van Afrikaner-beginsels, Afrikaanse staatsbestuursvorm, en meegesleep is deur die stroom van Britsisme weens hul vennootskap met — en nou gehuurde diens vir Britsisme — dat hulle die verdeeldheidstelsel aankleef en Afrikaner-ideale en Afrikanerstaatsvorm aansien vir 'n „vreemdsoortige stelsel", vir Nazisme!*

By hulle, volgens adv. Strydom, is Afrikanervolksbeweging 'n *„onbekende ding"*, is 'n staat waarin die gesag in die volk setel en nie 'n party-groep nie — *Nazisme!*



Genl. J. A. Smith

Daarom blaf en jaag hulle saam agter dieselfde haas. *Daarom is 'n volksregering i.p.v. partyregering vir hulle „Nazisme".*

Hierdie Nazi-jag van daardie kant het die oorlogmakers so aangevuur dat hulle nou ook onder sy Majesteit se Opposisie Nazi-hase soek!

Hulle byt mekaar op die jag. En hulle stel 'n gekose komitee aan om, wat hulle aan beide kante, so ook die beskuldigde self, 'n *klad*, 'n *belastering* noem, te ondersoek.

Nooit het ek geweet dat om simpatie met die vyand van jou volk se vyand te hê, by Afrikaners skande is nie.

### ALTYD REBEL

*Inteendeel, ek soos baie ander, beroem my daarop dat ek nog altyd 'n rebel teen Britsisme was!*

*As die strewe en die stryd van die Kern van ons volk, op watter manier ook, teen Britsisme vir Nazisme aangesien of so genoem word, dan is ek 'n Nazi!*

*Dan is ek trots om so 'n ding ook te wees.*

*Dan was Piet Retief, Andries Pretorius, Paul Kruger, Marthinus Steyn ook Nazi's! Want hulle was Afrikaners.*

*Dan het die Voortrekkers en ons almal wat nie Britsisme wou aanvaar nie, Nazisme nog voor Adolf Hitler voorgestaan.*

As my agting en u agting vir die Duitse volk, u kultuur- en stamverwantskap en myne met daardie volk Nazisme is, dan is sulke Nazisme vir my 'n mooi ding. *Dit hang af of jy dit benader uit die standpunt van Britsisme of uit Afrikanerstandpunt.*

*Wat my en ons volk betref, sal ons so 'n beskuldiging nie laster noem nie.*

As u simpatie en myne met die Duitse volk in hul stryd teen kommunisme, Nazisme is, dan is ons Christelikheid dit ook.

### ALMAL NAZI'S

As die hunkering na die geleentheid om vryheid te bekom, Nazisme is, dan was almal Nazi's wat nie saam met genl. Smuts oorlogmakers was nie, nl. die res van die Afrikanerdom wat indertyd in Bloemfontein die Eenheidskomitee gestig het, die H.N.P., die Kultuurliggame en die O.B. saam 'n Nazi-versameling wat een en almal nie *„dood-neutraal"* was, soos mnr. Werth in die Parlement beweer het nie. *Ek is trots dat ek nie „dood-neutraal" was in die stryd wat Stalin laat wen het nie.*

Maar die Nazi-jagters aan albei kante in die volksraad, elke partygroep, weet dis onsin om Nazi's in S.A. te soek. Dit word gebruik om agter te skuil. Dis party-politieke middels net soos die koms van die Britse koning na S.A. 'n ander middel is om Britsisme te probeer bevorder. Saam moet mos Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie *„Heil George! Heil!"* uitroep: Altwee hoort amptelik aan Sy Majesteit.

Maar Britsisme is nie alleen 'n sluwe middel wat agter beweerde Nazisme wegkruip nie, maar ook die voering van 'n geweldige veldtog teen elk en almal wat nie binne daardie kringe van uitruikers self sit nie.

### BRITSE BEHEER

*Britsisme het in S.A. sy volle beslag gekry. Hy het met politieke klopjagte begin. Van 'n .22-geweertjie af tot die stukkie brood wat jy nie toegelaat word om sonder permit in jou mond te steek of in jou besit te hê nie, word alles vandag Gestapo-gewys tot oortredings verklaar en jy en jou huis blootgestel aan speurder- of polisieklopjagte.*

Kosvoorsiening of verdeling daarvan, het vandag 'n wapen tot voortsetting van oorlog ter afdwinging van onderworpenheid geword. Dan skree hulle handlangers in S.A. en pas dieselfde middels teen die volk toe.

Britsisme is die essensie van Kapitalisme — die kop van Beëlsebub!

Die Brit wat nie eens koring produseer nie, weier om meer van dié wat hy beheer, wat u en ander hom lewer, vry te laat. Volgens die Britse Minister van Voedsel sou Engeland moontlik verplig kan word om te rantsoeneer indien hy meer afstaan. *Dit, sê die Minister, wil hy nie doen nie.* Maar u moet rantsoeneer!

Die voedselvoorsiening is vandag die wapen van die regerings teen die onderhoriges en van lande teen mekaar.

*Suid-Afrika kan nie — hy mag nie vry handel nie. Hy moet toestemming van Brittanje kry. Daarom het ons al hierdie kontroleurs.*

Die krisis van die boubedryf lê nou eers voor. Dit is net oëverblindery die danige behuisingskema. Dit gaan die agterstand nie inhaal nie, inteendeel, deur Britse beheer gaan ons meer en meer agter raak.

Dis Britsisme wat S.A. dwing om die Koelie stemreg te gee uit vrees dat die Indiese volk die juk van Brittanje gaan afskud.

*Maar Indië gaan nietemin. Nie deur middel van die partystembus nie, maar deur die volk se verset. En die Afrikanervolk gaan ook daardie juk afwerp, die oomblik as u en almal besef dat blote omruil van partye in 'n parlement by 'n party-stembus niks baat nie.*

*Ons vertrou dat na wat in die laaste dae gebeur het, die nasionalgesinde Afrikanerdom, een en almal, sal wegbreek van die Britse stelsel en saam met hul onderskeie organisasies 'n volksfront teen Britsisme in S.A. vorm.*

**HEEL NAG IN DIE TOU.** — Nie-blanke vroue het verlede week 'n hele nag in Kaapstad tougestaan in die hoop om 'n bietjie rys en suiker wat deur die Voedselbeheer-organisasie verkoop is, te kry. Die voedselvragmotors het eers die volgende more om half-tien opgedaag en begin om die kos aan die tounstaners te verkoop.


# Die Kopersbond Beperk

(Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

* * *

*Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na*

**£1,000,000**

* * *

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

* * *

*Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B" aandele van £5 elk aangebied.*

* * *

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER — DR. C. J. S. STRYDOM
DR. J. H. PIENAAR — J. J. ACKERMANN
DR. F. F. BORCHARDT — DR. H. J. LUTTIG
J. N. B. SCHABORT — DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL
G. T. ROBERTSON

*Skryf dadelik om prospektus aan:*

*DIE SEKRETARIS*

**Die Kopersbond Beperk**

POSBUS 8363 — JOHANNESBURG

(Vervolg van bl. 1, kol. 5)
onder drie jaar in Duitsland gedurende die winter sou omkom van honger, het Afrikaners gevoel dat hulle tussen vyf- en tienduisend Duitse weeskinders uit die hel van Europa na Suid-Afrika wil bring en van hulle goeie landsburgers maak. *Dit is deur die regering geweier, en die Engelse pers het gejuig. Dit is die mense wat geveg het vir die Christendom en Christelikheid, maar hulle sien eerder dat hierdie Duitse kinders sterf van honger as dat die Afrikanervolk met 5,000 versterk word.*

Mnr. Harry Lawrence is ten gunste van immigrasie as die kinders nie in Afrikaanse huise opgeneem word nie, so is verklaar. Ook is gesê dat Duitsers altyd Duitsers bly. Dit is egter nie so nie. Baie Duitsers het in die verlede goeie Afrikaners geword — ons dink maar aan 'n Hertzog. Maar daar het ook 'n paar foute ingesluip — die gee spr. toe — soos in die geval van Strauss en Hofmeyr.

„Hierdie mense wat geveg het vir die Christelikheid, het blykbaar nog nooit die Woord gehoor nie van: „Wat jy aan een van hierdie geringstes gedoen het, het jy ook aan My gedoen."

BRITSE KONING

Nogtans word daar vir 'n oorwegend Duitse familie wat aanstaande jaar hierheen kom, 'n trein gebou wat £150,000 sal kos. Dit is die huis van Brunswick-Lüneburg, (word uitgepreek „Windsor") het die K.G. onder gelag gesê. *Duitsland was goed genoeg om aan Engeland 'n koningshuis te verskaf, maar hulle is nie goed genoeg om die Afrikaanse element in die land te versterk nie.*

In die tweede plek word 'n veldtog van haat op tou gesit deur die Kommuniste en Springboklegioen wat dreig om voortaan alle vergaderings van die O.B. met geweld te belet. Daar is sprake dat hulle die hulp van naturelle sal inroep as dit nodig is. Hulle gebruik taal wat as die O.B. dit sou gebruik het, hom in die tronk sou laat beland het — en tereg ook het die K.G. verklaar.

TEEN AFRIKAANS

*„Hulle agitasie is nie net teen die O.B. of Nuwe Orde gemik nie, maar teen alles wat Afrikaans is en teen almal wat nie die knie buig voor die hamer en die sekel nie.*

Die Springboklegioen, waarvan ene Isacowitz die voorsitter is, het verklaar dat as die polisie hulle nie wil help om die vergadering op te breek nie, die polisie ook moet deurloop. *„Hulle lyk mooi bobbejane om ons vergaderings op te breek," het die K.G. gesê. „Hulle het kans gehad om ons op 30 April op Brakpan dood te slaan. Nou is hulle monde groot. Op 1 Mei verlede jaar het kaffers en Jode in Johannesburg betogings gehou en besluit om die O.B. aan die lamppale op te hang, terwyl hulle veertien uur te vore die kans daartoe in die stadsaal gehad het.* „Springbeklegioen"" is 'n beter benaming vir hierdie mense."

DOEN NIKS

'n Regering met pligsbesef sou lankal teen sulke taal opgetree het. Die Springboklegioen wil die polisie ook laat deurloop as hulle nie die O.B. wil help onderdruk nie. Die regering wat agter die polisie moet staan en agter hulle skuil, tel nie 'n vinger op om hulle teen sulke taal te beskerm nie.

„Stel u self voor dat die O.B. sulke taal teen die Verenigde Party sou gebruik. Ons sou uitgeveeg word. Ek weet nie van een geval in die afgelope ses jaar waar 'n O.B. hom aan die Suid-Afrikaanse Polisie vergryp of hulle gedreig het nie, maar sogenaamde regeringsorganisasies word toegelaat om dit te doen.

„Die man wat vandag dreig, is nie die skuldige nie, maar die een wat bedreig word," het spreker gesê.

Die O.B. het reeds baie diens aan die volk bewys, maar as daar een punt is waar hy van groot belang in die komende maande gaan wees, dan is dit as vuis van die Afrikanerdom teen hierdie golf van haat.

DR. MALAN

Met verwysing na die bewering dat die Leier van die Opposisie met die vyand van die Empire sou geskakel het, het dr. Van Rensburg verklaar dat die regering wil hê dat daar in die geheim oor hierdie sogenaamde onderhandelings gepraat moet word. *Ons sal dit nie doen nie. Ons sal nie 'n loyal-kompleks ontwikkel en die regering se lojaliteit oorneem nie. In die verlede het manne soos George Washington teen die Union Jack opgestaan en hy word vandag geëer omdat hy die Union Jack afgeskeur het. Ons eer Paul Kruger en Jopie Fourie omdat hulle opgestaan het teen die Empire en omdat hulle deelgeneem het aan die stryd teen die Empire.*

SAMEWERKING

*„Die pad van die Afrikaner is nie die pad van die Empire nie en ons sal ons nie laat meet volgens die maatstaf van die Empire nie, maar volgens die maatstaf van die Afrikaner. Geen volk kan iets doen as hy die veroweraar se pad en maatstawwe oorneem nie."*

Ons kan 'n steeds groeiende golf van histeriese haat teen die Afrikanerdom in die toekoms verwag. As so 'n gevaar kom, *sê die O.B. moet daar samewerking tussen Afrikaners kom om daardie gevaar af te weer. Die Ossewabrandwag is en was nog altyd te vinde vir samewerking met Afrikaners. Maar samewerking beteken dat jy jou eie geledere sterk hou, en jy werk saam met jou bondgenote. Samewerking beteken dat elkeen staan op sy eie pote en hy hou dit sterk nie terwille van homself nie, maar van sy volk.*

Spr. verneem dat sekere leiers gesê het dat hulle nooit weer met die O.B. sal saamwerk nie. Spr. wil waarsku dat „nooit" 'n baie lang woord is en sulke uitlatings beskou hy as onnodig bitter en dom. Met hierdie soort praatjies is die volk nie gedien nie.

LEI TOT EENHEID

*Daar word oral gebid vir volkseenheid, maar daardie eenheid sal nie oornag soos manna neerdaal nie. Daarvoor sal moet gewerk word, en die een manier om dit te bewerkstellig is om eers saam te werk as bondgenote. Deur samewerking sal ons mekaar leer ken en sal die vertroue wat geskok was, weer kans kry om te herstel.* Dit doen jy deur jou organisasie sterk te hou en uit die samewerking groei dan die volkseenheid. Daarvoor bestaan daar baie voorbeelde. *In ons eie geskiedenis het twee koalisies, nl. in 1920 tussen die Unioniste en die S.A. Party en in 1933 tussen die Nasionale en S.A. Party, tot samesmelting tussen die twee groepe gelei. As dit in daardie gevalle moontlik was, is dit veel makliker waar dit die Afrikaners alleen geld.*

Vir hierdie samewerking is die Ossewabrandwag te vinde, nie juis omdat hy beter geselskap soek nie, want beter as wat hy het kan hy nie kry nie, maar terwille van die volk en die gevaar wat ons volk bedreig. Hier geld vandag die woorde van George Washington: „Ons sal moet ‚saamhang' en oorwin of ons sal afsonderlik hang."

GENLE. THERON


*Genle. Theron wat die leiers welkom geheet het, het gesê dat die kommando's op 8 Augustus met die insameling van O.B.-dagfondse hul waardering vir die leiers op tasbare wyse sal openbaar.*

Twee Boerejeuglede het aan die K.G. 'n sakdoek met sy voorletters, wat deur jgkomdte. mev. M. van der Merwe op die Malmesbury-tentoonstelling 'n eerste prys behaal is, as geskenk oorhandig.

---

## Verkiesing In Holland

Die Katolieke Volksparty het in die algemene verkiesing in Nederland 'n klein meerderheid behaal oor die Arbeidsparty. Die uitslag was as volg:— Katolieke Volksparty 32 setels; Party van die Arbeid 29 setels; Kommuniste 10 setels. Die ander drie groepe het saam sestien setels verower. In stede soos Amsterdam en Rotterdam het die Kommuniste 'n volstrekte meerderheid behaal.


WAARDE VIR GELD

**Paarl Monumentale-Werke**
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlman — M. Bohlman
Gevestig 1898

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE**
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

**A.V.B.O.B**
Lykbesorgers, Grafsteenmakers. Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

**VIR BOERE**

GEDRUKTE DIENSKONTRAKVORMS (Vorm T.O.D. 1)
Memorandum van ooreenkoms tussen die boer en sy plaasvolk. Spesiaal opgestel om die boer 'n wetlike grond vir klagte te gee indien moeilikheid met werkvolk ondervind word.
Prys 5d. per vorm of 4/9 per dosyn posvry.

Stuur u bestellings, vergesel van die nodige bedrag, aan:
**TRANSORANJE-DRUKPERS BPK.**
POSBUS 73 — BETHLEHEM

# Mnr. DIE BELEGGER!
## Slaan die Yster terwyl dit Heet is!

- VIR 'N BEPERKTE TYDPERK SAL DAAR NOU VIR BELEGGERS GELEENTHEID WEES OM OP GEWONE SOWEL AS 5% VOORKEURAANDELE IN UNIEWINKELS BEPERK IN TE SKRYF.

### DIE VERLEDE

- Uniewinkels het reeds bewys dat hy die vertroue van die belegger waardig is. Benewens die sterk reserwes wat opgebou is, is 'n diwidend van 7½% per jaar vir die afgelope drie jaar gehandhaaf. Uniewinkels het werklik DIENS gelewer. Hoe anders kon hy sy omset in 'n betreklike kort tydperk vervyfdubbel?

### DIE TOEKOMS

- As hy onder die ongunstige omstandighede van die verlede hiertoe in staat was spreek dit vanself dat hy in ruim, aanstreklike en doeltreffend toegeruste persele tot oneindig meer in staat sal wees. Die doel van die huidige uitbreiding van kapitaal is juis om sulke gunstige toestande te skep.

### NOU

- Uniewinkels se proefperiode is verby. Die saak is terdeë gevestig, finansieel kerngesond en sukses is verseker. Dit is **nou** die aangewese tyd om 'n geldelike belang in die saak te verkry of dit uit te brei. **Nou** kan u nog aandele bekom teen 'n prys wat spotgoedkoop is in vergelyking met die werklike waarde van die aandele. **Nou** kan u ook nog 'n betreklike groot aantal aandele bekom. U sal nie weer so 'n kans kry nie! Indien, soos verwag word, verdere uitgifte van kapitaal in die toekoms gemaak word, sal die gebruiklike prosedure waarskynlik toegepas moet word, nl. dat nuwe aandele slegs aan persone wat dan lede is, aangebied sal word en wel in verhouding met die aantal aandele wat hulle dan mag besit. **Nou** is dus ook die tyd om stelling in te neem vir die toekoms.

### PROSPEKTUS

- Volle besonderhede aangaande die aandele wat aangebied word, verskyn in die prospektus, wat die grondslag vorm van alle inskrywings en wat van die Sekretaris of enige Tak verkrygbaar is.

Kerkstr. 275
Posbus 909

**UNIEWINKELS**
BEPERK

Foon 2-0131
PRETORIA

DIREKTEURE: D. C. Malan, dr. N. Diederichs, E. J. Grobbelaar, dr. A. J. Stals, J. du Pisanie, M. Hutten, I. M. Lombard.

TAKKE: JOHANNESBURG, BENONI, VEREENIGING, KAAPSTAD.

DIE O.B., WOENSDAG, 29 MEI 1946.

# Maak Almal Dood!

Min. Harry Lawrence, die man wat vir twee jaar agtereenvolgend belowe het om „in die loop van die volgende twaalf maande" 30,000, 15,000, 12,000 en 6,000 nasionale huise te bou, en toe darem die voorreg gehad het om „in die loop van die derde jaar" die hoeksteen van die eerste te lê, hoewel hy die „onthulling" van die voltooide huis aan sy opvolger moes oorlaat, het as Minister van Justisie darem nou eindelik iets reggekry: hy het 'n vergadering belet! Dit op sigself is nou wel nie 'n prestasie wat met die bou van 'n huis vergelyk kan word nie, maar dit steek nietemin gunstig af by sy vroeëre prestasies om burgers van die land wat deur geregshowe onskuldig bevind is, in konsentrasiekampe te laat opsluit. **Dit is trouens 'n prestasie wat nog nêrens in 'n ware demokrasie behaal is nie!**

Maar mnr. Lawrence se kordaatstuk word soveel groter as in aanmerking geneem word dat hy hierdie keer darem iets bereik het met sy optrede: **hy het geweld voorkom.** Min. Lawrence, wat belas is met die beveiliging van die publiek, het daarin geslaag om 'n oplossing te vind vir geweldpleging. En 'n baie eenvoudige oplossing is dit inderdaad! **Al wat hy doen, is om die persoon wat met geweld bedreig word, te belet om in die openbaar te verskyn! Heeltemal nuut is hierdie oplossing nou nie juis nie. Min. Lawrence se departement het enige maande gelede met hierdie nuwe soort beveiliging voor die dag gekom toe hulle blanke vroue in Kaapstad versoek het om saans na sononder nie op straat te verskyn nie ten einde aanrandings deur leeglêende naturelle te voorkom.**

## KOMMUNISTE

Nou het die Minister van Justisie voortgeborduur op hierdie oorspronklike en gemaklike beginsel van regspleging. Die Gryshemde sou 'n paar vergaderings aan die Rand hou en toe neem die kommuniste 'n plegtige besluit om hierdie vergaderings op te breek. Ten einde die Gryshemde te „beskerm" teen hierdie geweldpleging, wat die taak is van die Departement van Justisie, het min. Lawrence toe die vergaderings verbied, en sodoende is rus en orde gehandhaaf. **Die kommuniste het hulle egter nie net tot die Gryshemde bepaal nie. Hulle het wraak en doodslag gesweer teen alle nasionale organisasies — ook teen die Ossewabrandwag en selfs die parlementêre opposisie. Dit lê dus voor die hand dat min. Lawrence al hierdie organisasies in sy beskerming sal neem deur hulle te verbied om aan die Rand deur kommuniste lastig geval te word.**

## MAAK DIT ALGEMEEN

Maar terwyl mnr. Lawrence nou op hierdie eenvoudige metode van regshandhawing afgekom het, waarom sal hy dit nie konsekwent toepas tot voordeel van die hele land nie? Daar is tog immers nie net kommuniste waarteen burgers van die land beskerm moet word nie, en ook nie net leeglopende naturelle wat vroue saans kan aanrand nie; daar is ook eienaars wat besteel kan word. **As daar 'n vlaag van motordiefstalle plaasvind, waarom verbied die Minister nie maar alle mense om motors te besit nie? En met die oog op die huisbraakgolf aan die Rand, kan dit nie voorkom word deur mense te belet om in huise te woon nie? Dan kry min. Lawrence terselfdertyd tog ook 'n ekskuus waarom hy nie die dertigduisend huise laat bou het nie!**

En laat die Minister dan maar verder gaan en Suid-Afrika in alle opsigte van diewe verlos deur 'n verbod te plaas op alle besit. Dan word ons 'n ware kommunistiese gemeenskap en min. Lawrence ondervang op dié wyse dan ook nog alle verdere kommunistiese agitasie wat hom hoofbrekens kan besorg as Minister van Justisie.

En per slot van sake, waarom nie maar moord en doodslag ook afskaf nie? Plaas 'n verbod op elke mens se bestaan en daar sal nooit meer doodslag kan wees nie.

Waarlik, min. Lawrence het op 'n skitterende idee afgekom om die beskawing te verlos van alle euwels, **en om die instandhouding van duur departemente van justisie oorbodig te maak.** So'n minister van Justisie het inderdaad sy tyd verkwis met demobilisasie en huisbou!

NOORD-TRANSVAAL

## Reisplan van Generaal J. A. Smith

Adjunk-Kommandant-generaal

Genl. J. A. SMITH sal die volgende plekke op die datums genoem besoek en vergaderings toespreek:

| | |
|---|---|
| BRITS | SATERDAG, 8 JUNIE |
| RUSTENBURG | DINSDAG, 11 JUNIE |
| KOEDOESKOP | VRYDAG, 14 JUNIE |
| ELLISRAS | SATERDAG, 15 JUNIE |
| POTGIETERSRUST | DINSDAG, 18 JUNIE |
| PIETERSBURG | WOENSDAG, 19 JUNIE |
| LOUIS TRICHARDT | VRYDAG, 21 JUNIE |
| TZANEEN | SATERDAG, 22 JUNIE |
| LYDENBURG | DINSDAG, 25 JUNIE |
| ROOSSENEKAL | VRYDAG, 28 JUNIE |

# Oorlogspropaganda en 'n Beter Wêreld

Dr. J. A. WIID.

Gedurende die oorlogsjare wat verby is, het die oorlogspropaganda hom sonder onderbreking met die massafabrikasie van pragtige toekomsbeelde besig gehou; beter en gelukkiger wêrelde is in die vooruitsig gestel; waarborge teen vrees, gebrek of hoe al hierdie aaklige dinge ook al heet sowel as 'n duisternis van gelukbringende vryhede en heerlike beloftes is met kwistige hand uitgesaai. Daar was net een voorwaarde: die vyand moet eers verpletterend verslaan word. Intussen is die vyand wel vernietig en vermorsel, maar wat het van al die pragtige toekomsbeelde en heerlike beloftes geword? Britse koerantmanne in Duitsland word vandag deur die leër owerheid van rewolwers voorsien en skietkursusse word gereël. Op die vraag waarom koerantmanne, wat in die oorlog verbied was om wapens te dra, nou van rewolwers voorsien word, het 'n offisier, volgens Sapa Reuter, die volgende antwoord gegee: „As jy sien wat in Duitsland gebeur en raai wat waarskynlik nog gaan gebeur, skyn dit voldoende rede vir bewapening te wees."

## VIR OORWONNENES GEEN BETER WÊRELD

Indien die aangehaalde antwoord van die Britse offisier vir sommige lesers nie duidelik genoeg is nie, dien 'n ander Sapa-Reuter-berig van dieselfde datum en ook uit Duitsland as verklarende aanvulling. Hiervolgens beskerm gewapende Duitse konstabels en gemotoriseerde afdelings (Geallieerde) soldate tans voedseltreine op pad deur die Ruhr waar massa-aanvalle deur „plunderaars" aan die toeneem is. Skares van tot 500 mense het aartappel-treine al met klippe en soms ook vuurwapens aangeval, omdat daar in die afgelope vier maande nog geen aartappel-toekenning in die gebied tussen Dortmund en die Ryn was nie.

Dit moet in gedagte gehou word dat aartappels 'n stapelvoedsel van die Duitsers *was* en dat die gebied tussen Dortmund en die Ryn nie tot daardie deel van Duitsland behoort wat deur die Russe beset word nie. Die twee Reuter-beriggies lig effentjies die sluier oor 'n ellende wat vir ons hier in Suid-Afrika onvoorstelbaar is. Dit is duidelik waarom Britse koerantmanne, wat in die oorlog verbied was om wapens te dra, vandag in Duitsland van wapens voorsien word.

## EN VIR DIE OORWINNAARS?

Die onbeskryflike ellende wat vandag in Sentraal-Europa en in dele van Asië heers, mag aan blind-dolle haters en wrekers soete leedvermaak verskaf. Bevorderlik vir die demokrasie wat die Amerikaans-Britse stempel dra, is dit seer seker nie. By die „ekstremiste" wat vandag en môre massagewyse in die wêreld gefabriseer word, sal die pragtige toekomsbeelde van die oorlogspropaganda niks anders as hoongelag wek nie. Vir dergelike „ekstremiste" sal die demokrasie wat die Amerikaans-Britse stempel dra, geen betekenis hê nie.

Nie alleen by die „ekstremistiese" oorwonnenes nie, maar ook by die „demokratiese" oorwinnaars, veral by die Angel-Saksers, is daar 'n onmiskenbare gisting aan die werk. Die nywerheidskrisisse in die welvarende V.S.A. spreek nie alleen 'n ekonomiese of materialistiese taal nie. Die georganiseerde arbeidstakings in Amerika — en alleen 'n dwaas sal hierdie stakings as 'n Amerikaanse monopolie beskou — en die ingryping van die staatsowerheid in die geskille tussen werknemers en werkgewers spreek nie die gewone dollartaal nie. Ook die nasionalisering van belangrike Britse nywerhede wat op die oomblik aan die gang is, spreek nie meer die ou taal van hoër lone en minder werkure nie.

Selfs in Amerika en Brittanje met hul kapitalistiese demokrasie en vrye private inisiatief is daar 'n sosialisering en staatsinmenging aan die gang wat wel in die vooroorlogse Duitsland en Rusland, maar nie in die vooroorlogse Angel-Saksiese wêreld aangetref is nie. Ook vir baie Amerikaners en Britte het die pragtige toekomsbeelde van die oorlogspropaganda nie werklikheid geword nie.

## KRONIESE NYWERHEIDS-KRISISSE IN V.S.A.

Dat 250,000 spoorwegwerkers 'n land met 130 miljoen mense in 'n noodtoestand kan dompel, is betekenisvol. Dat die spoorwegmaatskappye — in die V.S.A. behoort die spoorweë nie soos by ons aan die Staat nie — nie by magte is om die noodtoestand te voorkom nie of uit die weg te ruim nie, maar dat die staatsowerheid moet ingryp, is betekenisvoller. En hoe gryp die staatsowerheid in? In die geval van die spoorwegstaking, sowel as by ander stakings, het die staatsowerheid gewoonlik met kompromisvoorstelle voor die dag gekom wat 'n loonverhoging vir die stakers tot gevolg gehad het.

In meer as een geval het die staatsowerheid egter nie alleen kompromisvoorstelle maar ook magsmiddele teen stakings aangewend. So verneem ons dat troepe in verband met die spoorwegstaking dwarsdeur die land in gereedheid gehou is om sodra die regering besluit om die spoorweë oor te neem, aan die besluit uitvoering te gee. Genl. Eisenhower is deur die staatshoof beveel om sy vakansie te onderbreek en dadelik 'n noodkonferensie by te woon. Aan die stakers self het pres. Truman 'n ultimatum gerig om dadelik die werk te hervat. Ingeval hulle weier, sou hy van die leër gebruik maak om die spoorwegdiens te laat funksioneer.

# Buitelandse Oorsig

## MOSKOU KAN TEVREDE WEES

Op die oomblik is die spoorwegstaking beëindig, maar nuwe stakings dreig alweer. Aan die Amerikaanse president is uitgebreide magte toegestaan, magte wat aan dié van diktatoriale lande herinner, terwyl die spoorwegarbeiders, al kry hulle die gewone 18½ sent per uur verhoging, voor die moontlikheid te staan kom dat hul demokratiese reg om die werk te staak, aan bande gelê gaan word. Watter diktatoriale magte die Amerikaanse staatshoof in die demokratiese Amerika ook al kry, die feit bly staan dat die geweldige nywerheidskrisisse in die V.S.A. 'n ekonomiese onstabiliteit aan die lig bring wat in gehate gesagstate ondenkbaar was en nog is.

Dat die Russiese diktator rede het om met die Amerikaanse nywerheidskrisisse en inwendige ekonomiese onstabiliteit tevrede te wees, lê voor die hand. Amerikaanse gebeure regverdig, volgens Moskou, nie alleen meer as een kommunistiese ideologie nie, maar ook Stalin se diktoriale metodes. Geen wonder dat 'n Nu-Seelandse regter onlangs die mening uitgespreek het dat daar in elke land van die „Britse Ryk" aansienlike getalle mense is wat „opreg en dweepsugtig" glo dat Rusland hul geestelike tuiste is.

Ook volgens 'n voormalige Australiese gesant in Rusland sou die Sowjet-Unie „'n agressor-moondheid wees wat van die huidige verwarring gebruik sal maak om sy eie imperialistiese uitbreiding te bevorder ... Hoe langer 'n land in die moeilikheid verkeer, hoe meer sal Rusland daarvan hou." Daar sou in so 'n land nie alleen 'n „vyfde kolonne wees nie, maar ook 'n vyfde leër waarmee rekening gehou sal moet word."

Die wysheid van hierdie Australiër herinner aan mosterd na die maal. Dit is egter 'n „wysheid" wat nie aan die oorlogspropaganda van Washington en Londen *te danke* is nie, *maar ten spyte* daarvan meer en meer tot die verstand van denkende mense deurdring. So het hierdie oorlogspropaganda dit tog nie bedoel nie! Hierdie soort beter wêreld het nie op sy program gestaan nie.

# Openbare Vergaderings

word op die volgende plekke deur

## Hf.Komdt. W. R. Laubscher

Voorligtingsoffisier van Gebied A, toegespreek:

| | |
|---|---|
| BEAUFORT-WES | 10 JUNIE, 7.30 n.m. |
| ZEEKOEGAT | 11 JUNIE, 10 v.m. |
| MIDDELWATER | 11 JUNIE, 4 n.m. |
| PRINS ALBERT | 12 JUNIE, 7.30 n.m. |
| MERWEVILLE | 13 JUNIE, 3 n.m. |
| MIDDELWATER | 14 JUNIE, 10 v.m. |
| LETJESBOSCH | 15 JUNIE, 7.30 n.m. |
| SANDBULT | 17 JUNIE, 10 v.m. |
| RIETBRON | 17 JUNIE, 7.30 n.m. |
| KARIEGA | 18 JUNIE, 3 n.m. |

**Bogenoemde openbare vergaderings sal onder toesig van die Ossewabrandwag gehou word.**

**ALMAL WELKOM.**

**Vrae sal toegelaat word.**

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE-KOPER
**S. J. KRYNAUW**
vir
**Kruideniersware teen die billikste pryse.**
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. Garcia- en Nuwestraat.
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

**Vennootskap Aangebied**
AFRIKANER met £3000 kapitaal vir FLORERENDE BESIGHEID in sy SESDE JAAR VAN BESTAAN, omhelsende MEUBELWINKEL, MEUBELFABRIEK en SAAGMEULE, in sentraal-geleë dorp met groot toekoms. Vennoot moet goeie besigheidsin besit en aktief kan deelneem. TE VEEL WERK VIR EEN PERSOON.
Doen aansoek by:
A. MAREE,
Scholtzstraat 54, Lichtenburg.

DIE MAN MET ONDERNEMINGSGEES
plant
**Rose — Vrugtebome — Sier- en Skaduweebome**
—o—
ONS BIED DIE BESTE KWALITEIT BOME AAN
—o—
Bestellings stiptelik uitgevoer.
—o—
Lyste en advies gratis.
—o—
**ROCKEY KWEKERYE**
MABAALSTAD
oor Koster.

**MARKAGENTSKAP**
**VROEE MORE-MARK**
KAAPSTAD
●
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
●
Beste heersende pryse
●
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

# Vervolgde Afrikaners

Mev. J. Theron, Petrusburg, skryf as volg na aanleiding van die geroep om verhoor van sogenaamde „oorlogsmisdadigers:

Laat my 'n paar van my eie ondervindings vertel: Dit was omtrent vyf jaar gelede dat 'n Engelsman na my man in sy werk gegaan het met die voorstel om op sy medewerkers te spioeneer en sodoende 'n goeie salaris te verdien, wat, soos elke regskape persoon kan begryp, hy natuurlik van die hand gewys het. Die versekering wat hy toe gekry het was, dat hoewel hy die Engelsman se persoonlike respek afdwing, hy tog sal boet daarvoor.

Hier was toe 'n gulde geleentheid in die hande van een van ons vyande om hom op ons te wreek oor persoonlike kwessies! My man is toe op die aflos-personeel geplaas en my kinders en ek is oorgelaat aan die vervolging van ons vyand wat geen gras onder sy voete laat groei het nie, maar dag en nag besig was om ons die angs en verskrikking op die lyf te ja — selfs toe ek 'n ernstige operasie moes ondergaan. Etlike weke later daag hy daar op met 'n militêre speurder om ons te ondervra. My man was toe tuis maar baie siek en in bed. Sy gedurige afwesigheid was natuurlik die oorsaak dat hy nie die vrae kon beantwoord nie en moes ek dit doen. Hy het toe beweer dat hy dan „geheime" van die Ossewabrandwag probeer uitsnuffel het.

Twee weke na hierdie voorval is my seuntjie gebore en die lyding wat hy sowel as ek moes verduur, was onbeskryflik. 'n Lyding wat vir maande aangehou het en waarvan die verskillende geneeshere wat ons behandel het, kan getuig. Ek ly vandag nog daaronder. Was dit nie vir die invloed wat die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en die ander leiers se toesprake op my gehad het nie, weet ek nie wat ons alles sou aanvang nie. Maar deur hulle toesprake geïnspireer, kon ek my man, wat nooit so 'n vergadering bygewoon het nie, aanmoedig om die beste van sy dienste te lewer aan 'n Administrasie wat maklik die beste presteer het in sover dit die regering se oorlogspoging betref. Hoe getrou hy sy pligte nagekom het, kan sy hoofde van getuig.

Ek hoop stellig dat almal hierdie feit in gedagte sal hou as hulle ondersoek gaan instel.

Ons as vroue en moeders van die volk bied vir adv. Strydom en sy mede-partygenote die hand van vriendskap aan. Mag die Almagtige Vader gee dat hulle só verhewe bo die kleinlike dinge voel wat al soveel twis en tweedrag gesaai het, dat hulle dit sal aanneem.

## Enkeling se Taak

Mnr. Gerhard van Rooy, Potchefstroom, skryf:

Die Afrikanervolk verkeer vandag in seker een van die diepste moerasse waarin 'n volk kan versink. Ons is in die eerste plek verdeel deur die politieke partystelsel, wat die volk ten ene male verbied en verhinder om as 'n eenheid op te tree, en aldus sy heil uit te werk. Verder is daar dan nog die naturellevraagstuk wat onder die toenemende mag van die kommunisme in S.A. 'n al hoe groter omvang aanneem, en nog honderde ander probleme wat die land benadeel.

Om teen hierdie probleme gedug weerstand te kan bied is 'n gesamentlike optrede van die volk noodsaaklik, en daarvoor is weereens die regte leiding en gesag voor nodig. Maar wat ek graag wil benadruk, is die taak van die enkeling in hierdie stryd.

Sou elkeen van ons insien dat hy, as deel van die volk, ook sy pligte het teenoor sy volk, en gevolglik dus ook pligte het teenoor God wat daardie volk geskep het. Wat sal gebeur as die stene van 'n huis begin uitmekaar val? Selfs een steen se verwydering kan al groot skade berokken. So is dit ook met 'n volk. As u u kragte gaan onttrek uit die volkslewe, sal die volk noodwendig daaronder ly. Onttrekking uit die volkslewe beteken die verslapping van die volkspoging om te voldoen aan die taak wat God hom opgelê het, en as ons Sy wil nie uitvoer nie, sondig ons, en dan sal die volk noodwendig moet ly.

Met die oog hierop, geagte mede-Afrikaner, gooi u kragte in waar dit sal strek tot opbouing van u volk, en nie waar dit sal help om die volk in nog meer partye te verdeel en kragteloos te maak nie. Moet nie u kragte wegsteek of terughou terwille van persoonlike plesier en vermaak nie, maar werp u in die stryd, en vervul sodoende u heilige roeping. — (Verkort.)

## Behuising

Plattelander, Robertson, skryf:

My simpatie gaan uit na munisipaliteite wat verplig word om kafferlokasies te bou.

Soos mnr. A. L. de Jong tereg aangemerk het (op Robertson) is sub-ekonomiese behuising vir blankes en kleurlinge permissief. Die bou van behuising vir naturelle verpligtend.

Dit kom hierop neer: 'n Nyweraar, wat altoos vir sy arbeiders in die mindere werkafdeling 'n karige loon betaal het en nooit daaraan gedink het om self behuising te verskaf nie, kan nou sy invloed laat geld by stadsraadslede om Wet No. 25 van 1945 te laat toepas. Dan betaal die groot deel van die publiek wat niks met sy fabriek te doen het nie, vir die behuising van sy werksmense.

Let op die verskeidenheid van loonvasstellings in die verskillende nywerhede, dan sal dit duidelik word waarom munisipaliteite versoek word om vir behuisingskemas sorg te dra, veral in die samelewings waar daar alreeds nywerhede bestaan.

Ek stem saam met Robertson dat die sosiaal-ekonomiese beleid gewysig moet word sodat die bedrywe met hoër lone ook in dorpe tot stand kan kom.

Dit is die demokrasie wat met slim en uitoorlêplanne voor die dag kan kom.

**GEEN BOUPERMITTE.** — Uitreiking van nuwe permitte vir die bou van huise is feitlik gestaak. Private burgers wat huise wil bou, sal in die komende agt maande geen permitte kan bekom nie. Kleinbouers staan voor die moontlikheid dat hulle van hul werklui sal moet ontslaan, omdat daar vir hulle geen gereelde werk is nie.

*SCHOEMANELLO DRANK*
Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. | 1/9 | [illegible] |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/3 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos .. .. .. .. | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. .. .. .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
**JURGENS SCHOEMAN,**
BUS 142 ● OUDTSHOORN

**W. Voigt (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown




*DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.*

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UITNEMENDHEID — U VOORBEREI VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIE-KURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!

Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM ..........................................

ADRES ..........................................

Kwalifikasies (Standerd Geslaag) ..........................

Kursus waarin u belangstel ..........................


(Standerds VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoelstiek, Boekhou, Sekretariskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

*Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg*

*Die man wat die eerste nuwe karre lewer*

FORD, MERCURY, LINCOLN, MONARCH. ALLE FORD VRAGMOTORS EN TREKKERS
Garages te: Robertson, Montagu, Ashton, Bonnievale, Laingsburg en Koebergweg, Brooklyn.

BESTEL DADELIK OM TELEURSTELLING TE VOORKOM.



# LEER U KOOK?

## Gebruik Dan Die Witsous

Daar is nie nog 'n sous wat so algemeen in sy verskillende vorms in die kookkuns **gebruik** word as die witsous nie. Die huisvrou wat 'n mooi witsous kan maak het tot haar beskikking die basis vir allerlei interessante geregte waarmee sy ook haar eie vindingrykheid en oorspronklikheid kan beoefen en selfs aantreklike skotteltjies saamstel. Die proses om 'n witsous te maak is werklik so eenvoudig en 'n persoon met min ondervinding kan hiermee wondere verrig.

'n Witsous kom voor in 3 vorms en die verhouding van die bestanddele is as volg:

| *Bestanddeel.* | *Dun.* | *Middelmatig.* | *Dik.* |
|---|---|---|---|
| Meel | 1 K | 1 K | 1 K |
| Botter | 1 E | 2 E | 3 E |
| Meel of meelblom | 1 E | 2 E | 3 E |
| Sout | ¼—½ t | ½ t | ½ t |

*Metode:—*

1. Smelt botter in kastrol.
2. Haal dit af van die vuur en roer meel en sout in totdat die mengsel egalig sonder klontjies is.
3. Sit die kastrol terug op die vuur en roer warm melk stadig in terwyl aanhoudend geroer word. Bring tot kookpunt en kook vir 4—5 minute maar roer gedurig anders sal klontjies vorm.

Dis belangrik om die sous lank genoeg te kook anders sal die bestandheid nie reg wees nie en die sous sal rou smaak omdat verhitting nie voldoende was om die styselkorrels heeltemal te laat uitswel sodat die produk glad en fyn kan wees nie.

*Klontjies sal vorm as u:—*

Nie die meel en botter egalig meng *weg* van die vuur nie en

Nie *gedurig roer* vandat die melk stadig bygevoeg is nie.

Gebruik die sous dadelik omdat, veral in 'n dik sous, 'n vel baie gou op die oppervlakte vorm weens verdamping. Om dit te verhoed waar die sous noodgedwonge moet oorstaan, moet u dit liggies bedek met 'n stukkie papier wat in koue water gedoop is sodat die nat oppervlakte in direkte kontak met die sous is, en dan die deksel van die kastrol opsit.

*Dun Witsous:*

'n Dun witsous dien hoofsaaklik as basis vir melksoepe. En ons kan met veiligheid meer dikwels melksoepe maak: dis 'n allerheerlikste, voedsame gereg veral by 'n ligte middag- of aandete waar dit as hoofgereg kan dien.

Vir elke koppie sous word ½—1 K groentepuriée bygevoeg, d.w.s. gaar groente wat deur 'n sif gedruk is bv. tamaties, geelwortels, peulgroente — piesangmelksoep op dieselfde manier gemaak is iets besonders en baie lekker. Die soep word goed verhit en na smaak gegeur voor bediening — moet egter liewer nie tamatiemelksoep weer verhit nie want die suur van die tamaties mag die mengsel laat skif, meng die warm witsous en tamatiespurée net voor bediening. En onthou fyngekapte pietersselie maak altyd 'n mooi vertoning in enige melksoep.

*Die Middelmatige Witsous:*

Die middelmatige witsous word meestal as sous bedien by groente en vis. Hier is ook talle van smaaklike variasies wat gemaak kan word, bv.

1. Pieterseliesous: Voeg fyngekapte pietersselie net voor bediening by die sous en meng goed — as dit lank saamgekook word, word die pietersselie bruin en onaantreklik.
2. Eiersous: Voeg fyngekapte hardgekookte eier by die sous.
3. Kaassous: ½—¾ K gerasperde kaas word bygevoeg en gesmelt in die sous. 'n Knippie rooipeper hierby smaak baie goed.
4. Mosterdsous (lekker by vis): Voeg 1 t aangemaakte mosterd by sous en kook 5 minute. Voeg nou 1 desertlepel asyn by en kook nog 2 minute.
5. Hollandse Sous (by vis): Voeg 1 eiergeel of 1 hele eier effe geklop en suurlemoensap na smaak by net voor bediening.

'n Gereg word gewoonlik aanmerklik verbeter deur 'n lekker sous. Die sous verhoog nie alleen die voedingswaarde van die gereg nie, maar, weens die aangename geur, maak dit die gereg smaakliker en ryker veral waar die voedsel self nie 'n uitstaande geur het nie, bv. gestoomde vis met 'n pieterseliesous. Dink self aan ander moontlike interessante byvoegings, bv. grondboontjiebotter, gerasperde neut en ander speserye, of gebruik ½te melk en ½te groente-ekstrak vir die vloeistof, en u sal gou die mees alledaagse voedsels in aantreklike geregte kan omskep.

In plaas van die sous met gekookte groente of vis te bedien kan u die vis in die sous bak as volg: Smeer 'n bakplaatjie of vuurvaste glasbak, sit die rou vis daarin, en gooi 'n lekker-gegeurde, middelmatige witsous daaroor en laat dit nou in 'n warm oond bak, — laat toe tien minute per pond vis en tien minute ekstra.

Eiers gebak in kaassous is regtig heerlik en smaaklik. Maak 'n lekker kaassous (1½ K melk, 3 E botter, 3 E meel, ½—¾ K gerasperde kaas, ¾ t sout, knippie peper, ½ t droë mosterd), gooi helfte van die sous in 'n bakskotteltjie en maak daarin 6 klein induikings. Breek 6 eiers versigtig hierin oop en bedek met die orige sous. Strooi broodkrummels bo-oor en bak 30—35 minute in 'n stadige oond (300 gr. F). Die gereg bedien 6 persone. U kan witsous en eiers in talle interessante geregte saamstel — probeer gerus.

U kan groente ook op hierdie manier opdis, bv. blomkool of spinasie gebak in witsous of kaassous. Kook die groente byna gaar en bak dan verder in die oond, gemeng met sous of bedek daarmee.

*'n Dik Witsous:*

'n Dik witsous word gebruik om mengsels te bind, bv. vleisen viskoekies. Maak hiervan ook gebruik om oorskietkos van middagete in 'n smaaklike aandskotteltjie te gebruik. 'n Paar tamatieskyfies, gerasperde kaas, of broodkrummels kan die oppervlakte van so 'n gereg aantreklik maak.

'n Dik witsous is ook die basis van 'n soufflé, 'n gereg wat so smaaklik is, maklik om voor te berei en wat tog so min in ons huise gemaak word. Maak 'n dik witsous van 1 K melk en berei die ander bestanddele vir die soufflé, bv. gaar gemaalde of fyngekapte vleis of vis, fyngekapte gaar groente of fyngedrukte gaar peulgroente, fyngekookte vrugte (vars of droë) of gerasperde kaas. 1½—2 K hiervan word nou met die witsous gemeng en gegeur — ½ K gerasperde kaas is egter voldoende. Klits nou die geel van 3 of 4 eiers goed en meng hiermee en *vou* dan die styfgeklopte wit met 'n mes in die mengsel. Dis baie belangrik dat u dit nie onverskillig moet inroer nie maar wel invou sodat soveel lug moontlik behou word. As fyn vrugte gebruik word voeg ons gewoonlik bietjie suiker ook by — dit gee 'n heerlike nagereg.

Smeer nou die boom van 'n bakskotteltjie (*nie* die rante nie, want die soufflé moet rys) en plaas die mengsel hierin. Bak in 'n koel oond (300 gr. F) of liewer in 'n pan water in 'n matige oond (350—400 gr. F). Sodra dit geset is (d.w.s. die oppervlakte droog as dit met die vinger aangeraak word) met 'n goudbruin kleur is dit gereed vir bediening. Bedien dadelik, maar as dit nie moontlik is nie laat nog 'n rukkie in die pan water staan, maar laat die oond afkoel.

Deel van die witsous kan vervang word deur broodkrummels geweek in melk of vleisekstrak of fyngedrukte gaar aartappels wat ook stewigheid aan die mengsel sal gee.

'n Soufflé met 4 eiers is baie lig en voedsaam maar as eiers skaars is sal 2 eiers ook 'n suksesvolle gereg gee.

## Skyfskiet Vir O.B.-Fondse

Op Saterdag, 18 Mei, het die kommando van Port Elizabeth se Generaalskap (B8) 'n skyfskiet-kompetisie gehou in die agterplaas van Jeugkomdt. Truter se huis om sodoende fondse in te samel vir die plaaslike Gebiedskas.

Die belangstelling en ondersteuning was besonder goed en ons wil veral ons dank teenoor die skietspan uitspreek vir hul opofferende dienste.

Nadat al die onkoste afgetrek was, is die bedrag van £21 3s. 6d. byeengebring. Deur middel van die Generaal is die lootjies in verskillende plattelandse kommando's ook verkoop. Die pryse was besonder aanloklik en die volgende persone was die wenners:

Wagkaptein J. C. Grundling van Kirkwood, eerste prys van £4; veldkt. J. A. N. Cloete van Stutterheim, 2de prys van £2; mej. Barbara Meiring van Sydenham, P.E., derde prys van £1; mnr. en mev. J. P. Grundling van Kirkwood die twee 4de pryse van 10/- elk, terwyl mev. W. G. Wannenburg van Kirkwood, mnr. D. Postma van Oos-Londen, hfkomdt. Troskie van Aberdeen, komdt. Bezuidenhout van Elliot en komdt. Marais van Cradock namens sy kommando die wenners van die vyf vyfde pryse, van 5/- elk was.

Op hierdie manier is daar weer in geslaag om ondanks noodregulasies die nodige fondse in te samel.—(Ingestuur.)

**„MEIN KAMPF".** — Duitse uitgawes van Mein Kampf is tans besonder gewild op die Berlynse swartmark. Sedert Nazi-geskrifte in die ban gedoen is, het die prys van hierdie uitgawes wat die Duitsers voor die oorlog teen drie of vier mark kon koop, gestyg tot 50 en selfs 70 mark.


TIERVLEI KOMMANDO'S

Hou, D.V., 'n BASAAR op 1 JUNIE 1946, in die NASIONALE SAAL TIERVLEI.

Baie verversings sal aangebied word.

Middagete word bedien van 12-uur tot 2.15 n.m.

O.B. Blaasorkes tree op.



Dameshoede . . .

VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY

Steyns

DIE MODEWINKEL PAROW



dienst

EEUFEESPOSKAARTE

1/6

PER DOSYN

SLEUTELKETTINGS

1/6

Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENNINGS

Egte Silwer 30/-

Posgeld 6d.

EEUFEESMEDALJES

9d

Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS

Uniewinkels

BEPERK

(Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939)

KERKSTRAAT — PRETORIA

TAKKE: JOHANNESBURG VEREENIGING BENONI KAAPSTAD


**EERSTE DUITSERS LOSGELAAT.** — Nadat hulle jare lank in die Baviaanspoort-interneringskamp was, is die eerste groep Duitsers verlede week uit die kamp losgelaat. Hulle is 45 in getal en word almal in die Unie gehuisves.

**BELET VERGADERINGS.** — Die Minister van Justisie het die magistrate van Johannesburg, Pretoria, Germiston en Brakpan gemagtig om vergaderings van die Gryshemde, wat verlede week daar sou plaasvind, te belet.


MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda Meubelhandelaars,

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad



Hy Kom !

KERN.

waarop almal wag.

DIE AFRIKAANSE "READERS DIGEST"

uit 500 S.A. blaaie

DIE BESTE IN AFRIKAANS

Verskyn 1 Julie

Maandeliks 100 blaaie

1s. 6d.

Elke Nommer Puik


TEKEN VROEGTYDIG IN BY

„KERN"

Posbus 3261

KAAPSTAD





DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER !

*SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen*

- *WAS*
- *DROOGSKOONMAAK*
- *KLEUR*

*Adres: Hugenootstasie, Paarl*

*(Goedere halftarief)*

# Jode Plant Palestynse Geweld Oor Na S.A.

**Die pap houding van die regering teenoor die kommunistiese gevaar en veral sy Britse haat vir al wat Afrikaans is, word deur die kommunistiese Jode met alle mag uitgebuit om so spoedig moontlik 'n einde te maak aan alle nasionale organisasies in die land. Met gebruikmaking van die regering se dwase veldtog teen sogenaamde oorlogsmisdade, voer hierdie speerpunt van Moskou tans 'n gedugte agitasie teen die Ossewabrandwag en ander Afrikaanse liggame.**

**In Johannesburg het die Jode van die Witwatersrandse Universiteit, die Jode van die Springboklegioen en ander Joodse „werkers" met 'n klompie nalopers 'n aksiekomitee gestig, wat homself ten doel stel om alle vergaderings van die O.B., die H.N.P., die Nuwe Orde en die Gryshemde aan die Rand op te breek. „Hulle sal nie weer 'n vergadering aan die Rand hou nie", het hulle verklaar.**

Die moontlikheid is op die stigtingsvergadering van hierdie komitee bespreek om die hulp van die naturelle — „die grootste anti-fascistiese element in die land" — ook te gebruik vir die opbreek van vergaderings.

Behalwe hierdie gewelddadige optrede sal die komitee ook 'n wydverspreide pamflet-oorlog dwarsdeur die land teen die Ossewabrandwag voer. Aan die Minister van Justisie en die Eerste Minister sal aanhoudend telegramme gestuur word totdat hulle gehoor gee aan die kommunistiese agitasie en die Ossewabrandwag en ander organisasies onwettig verklaar.

**REGERING SWIG**

**Dat die moontlikheid groot is dat die regering aan hierdie brutale druk gaan toegee, kan afgelei word uit die feit dat minister Lawrence onmiddellik na hierdie Joodse uitdaging die magistrate van Johannesburg gelas het om al die vergaderings van die Gryshemde aan die Rand te verbied.**

Dit is duidelik dat die kommuniste deur hierdie papbroekige optrede net aangespoor sal word tot groter brutaliteit en volharding en die Minister sal uiteindelik moet swig en die een Afrikaanse organisasie na die ander in die ban doen. **Die Jood Isacowitz, leier van die Springbok-legioen, het op genoemde vergadering daarmee gespog dat dit hy en sy mense is wat die regering gedwing het om die Broederbond in die ban te doen.**

**Hierdie Joodse geweld, wat blykbaar van Palestina na Suid-Afrika oorgeplant word, vind 'n kragtige bondgenoot in kortsigtige Britse Jingo's en Jode binne die parlement.**

In die volksraad het verskeie Verenigde Partylede met name soos W. Bawden en Morris Kentridge (voorheen Kantorowitz) die regering versoek om die O.B. in die ban te doen.

**OPHANG**

**Die kommunistiese blad, The Guardian, eis onder die opskrif „Verban die Fasciste", dieselfde optrede as in Europa, waar Nazi's „voor die hof gedaag, skuldig bevind en gehang word".** Hulle word behandel soos misdadigers en ontvang die behandeling wat hulle verdien, betoog die blad.

„Van Rensburg en sy Ossewabrandwag, Pirow en sy Nuwe Orde, het algehele vryheid gedurende die oorlog geniet. Nou, meer as ooit, gryp hulle na elke ondemokratiese neiging, of dit in Suid-Afrika of in die internasionale verhoudings is, om die grondslag te lê vir hul fascistiese herlewing".

„'n Wydvertakte gevoel van ontevredenheid is verwek deur die weiering van Smuts om die fasciste te behandel as 'n bedreiging vir die samelewing. **Hierdie gevoel sal in politieke aksie oorgesit moet word as dit effektief moet wees.** Fascistiese organisasies moet verban word. **Dit is die aksie wat Suid-Afrikaanse Demokrate eis; om dit te verseker, sal hulle moet organiseer in antwoord op die fascistiese uitdaging",** aldus die kommunistiese mondstuk.

# ONS SAL OORWIN: Oproep vir O.B.-Dag

Genl. mev. C. W. Rautenbach, Hoofvrou van Gebied F, doen die volgende oproep in verband met 8 Augustus:



Dis vanjaar op 8 Augustus agt jaar gelede dat die simboliese Ossewatrek 'n aanvang geneem het vanuit Kaapstad. Gedurende die agt jaar wat verby is, het dinge gekom en gegaan. Die Ossewabrandwag het gekom om te bly, want die roeping en taak van die Afrikaner is nog steeds daar.

Die Ossewabrandwag het hom altyd gesien, nie as doel nie maar as middel. Die doel is die bestemming van ons volk. Die Ossewabrandwag staan nog steeds in diens om dié doel te bevorder. Daarom het ons vrymoedigheid om op te roep tot steun, ook geldelike steun, aan die Volksbeweging wat in diens wil staan van die hele volk. Vir ons duur die trek voort. Die laste wat ons gewillig op ons geneem het tydens die oorlogsjare, het ons op eervolle wyse gedra. **Die laste wat nog op ons rus, gaan ons ewe eervol dra. Ons gaan nog nie uitspan nie, maar na elke skof weer inspan totdat die trek sy bestemming bereik het.**

Sedert 1938 is veel verander. Baie het flou geword toe dit geblyk het dat die pad nog lank mag wees. Baie is gedra op die kruin van die groot golf van geesdrif wat in 1938 ontstaan het. Toe hulle egter deur eie inspanning verder moes voortbeweeg en hulle besieling van binne moes kom, het hulle verslap. Baie het bang geword omdat hulle geloof in die volk se toekoms nie sterk genoeg was nie. Baie het hulle vroeëre oortuigings verloor.

**NIE VERLOEN**

**Die Ossewabrandwag staan nog waar hy gestaan het. In sy kern het hy nie flou geword nie, nie verslap nie, nie sy verlede verloën nie. Die getroue Brandwag het sy oortuiging behou en uitgespreek. Elke dag wat kom regverdig die sienswyse van die Ossewabrandwag al meer en meer.**

Volharding is nodig om ons volk na sy bestemming te voer. Terugslae van die oomblik moet verduur word, teenslae moet getrotseer kan word. Wanneer dit hopeloos lyk, dan moet ons gedra word deur die geloof: dit moet en sal.

**Die toekoms wenk hoopvol. Wie deur die skyn kan sien, besef dat die dieper beweging onder die oppervlakte vir ons gunstig is. Nou is dit die tyd om vir ons voor te berei vir die gunstige wending wat in aantog is. Tot dan moet ons vreugde lê in die voorbereiding vir die wending. Ons reg is die reg om ons plig te doen. Ons plig is om ons hand diep in ons sak te steek vir die Volksbeweging wat in diens van die volk beweeg in die rigting van sy bestemming. Ons sal oorwin.**

# V.S.A. Gaan Stakers Nou Kort Vat

**Die Amerikaanse regering se geduld het verlede week opgeraak met die vloedgolf stakings wat dreig om Amerika se hele ekonomie in wanorde te stort. Binne vyftien minute na sy toespraak het die Kongres aan pres. Truman volmag verleen om enige staking wat die staat mag tref, te beëindig, na Sapa-Reuter berig.**

Onderwyl hy gepraat het, is hy onderbreek met die aankondiging dat daar 'n ooreenkoms bereik is tussen die spoorweë en die 250,000 werkers wat al 48 uur aan die staak was. Die president het gedreig om die hulp van die leër in te roep.

In sy toespraak het pres. Truman gesê dat daar nie toegelaat kan word dat twee manne (die leiers van die stakers) die staat se hele ekonomiese lewe in die war stuur op 'n tydstip wanneer miljoene mense afhanklik van Amerikaanse voorrade is nie.

# Jag op Vreemdhede Kan Bes Moontlik Partystelsel Tref

## Meen Engelse Blad

Na aanleiding van die beroep wat in die volksraad op die Minister van Justisie gedoen is om die Ossewabrandwag en die Gryshemde in die ban te doen, skryf die Natal Witness dat hierdie mense wat so gretig is om sekere organisasies te verbied, altyd eerste gereed is om die regering te kritiseer as hy deur middel van regulasies regeer.

„En ons twyfel of diegene wat so geredelik vra dat sekere organisasies in die ban gedoen moet word, die gevaar van so'n optrede en sy twyfelagtige doeltreffendheid besef. As sekere organisasies in naam in die ban gedoen word, wat sal verhoed dat hulle onder 'n ander naam herleef? As 'n algemene ban op „anti-demokratiese" en „fascistiese" organisasies geplaas word, kan die moeilikhede wat daaruit voortspruit, gedug wees".

## „Ek Trek Alles Terug"

*Die vergadering van dr. Van Rensburg in Kaapstad verlede week is ook bygewoon deur buitestanders. In een geval het 'n lid van die H.N.P., wat kort gelede in 'n hewige argument met 'n O.B.-vriend gewikkel was oor dr. Van Rensburg ná die vergadering by sy vriend gekom en verskoning gevra vir alles wat hy omtrent dr. Van Rensburg gesê het. „Nadat ek hom vanaand gehoor het, wil ek al my woorde teen hom terugtrek," het hierdie Afrikaner ewe ridderlik verklaar.*

„Verder, ons kan nie sonder gevaar om te ver te gaan, al die politieke organisasies wat staan vir 'n verandering van die politieke struktuur, in die ban doen nie. So'n ban sal ook van toepassing wees op kommuniste, en ook op diegene wat wens om die verhouding tussen blankes en nie-blankes te verander; dit kan maklik uitgebrei word om op saggeaarde sosialiste van toepassing te wees. Dit sal ook nie help om organisasies wat vreemde ideologieë verkondig, in die ban te doen nie. Kommunisme sal sekerlik onder hierdie hoof ingesluit word; sosialisme (wat grootliks van Franse en Duitse oorsprong is, en sekerlik nie eie aan Suid-Afrika is nie) sal ook hierdeur getref word, en ons moet onthou dat volgens die mening van baie Suid-Afrikaners dieselfde van toepassing sal wees op die stelsel van Britse konstitusionalisme, waaronder ons gelukkig is om te leef.

„Die poging om sekere politieke organisasies in die ban te doen, sal óf oneffektief óf gevaarlik wees, en dit sal moontlik albei wees".


Diens—

Ten spyte van die betreklik onlangse toetreding van Volkskas tot die bankwese, het hoogstaande diens

—en Vooruitgang

reeds kenmerkend van hierdie progressiewe handelsbank geword.

Die hoogstaande diens, insluitende beleggingsfasiliteite teen aantreklike rentekoerse, is tot u beskikking.

Alle takbestuurders sal u met genoeë van volle besonderhede voorsien en u navrae word verwelkom.

VOLKSKAS BEPERK

| | |
|---|---|
| Gemagtigde Kapitaal .. | £1,000,000 |
| Ingeskrewe Kapitaal .. | £1,000,000 |
| Gestorte Kapitaal .. | £794,961 |
| Deposito's oorskry .. | £9,000,000 |

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS.

Hoofkantoor: PRETORIA.